COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News


PRICE R15.00

304 Uitgawe

22 Mei 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

| Higiëne & Waardes | Widespread disasters | Myanmar se skok | Netbaldag en Dans | Tennisgansies | 5.30kg Snoek |
|---|---|---|---|---|---|




## Gansbaai mik vir Nasionale Kwêla-kroon

Foto verskaf artikel op bl. 2

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




Dit is op elke liewe Gansbaaier se lippe - Gansbaai is Kwêla se Wes-Kaapse Dorp van die Jaar! Die gevolg daarvan? Gansbaai is nou 'n finalis vir Kwêla se Dorp van die Jaar-kompetisie in Suid-Afrika. Wat 'n voorreg is dit nie om hier te kan woon nie. Die groot stemming skop af op 13 Julie 2026 en daar word op elke Gansbaaier, asook alle inwoners van die Overstrand, staatgemaak om te stem.

“Die wenner word uitsluitlik op die aantal stemme bepaal,” het Overstrandse Uitvoerende Burgemeester, Archie Klaas, gesê. “Ons het al die inwoners regoor die Overstrand nodig - van Groter Gansbaai, Stanford en Hermanus tot by Kleinmond - om saam te staan en Gansbaai as een van ons eie dorpe te ondersteun.”

Die wen-dorp sal R1 miljoen van LottoLand ontvang om in dorpsverbeteringsprojekte te belê, asook 'n verdere R1 miljoen se bemarkingswaarde van kykNET om 'n groot gemeenskapsgeleentheid aan te bied. Hierdie befondsing sal plaaslike ekonomiese aktiwiteite direk ondersteun en bydra tot die verfraaiing en verbetering van Gansbaai.

Provinsiale en streekfinaliste, soos Gansbaai, kwalifiseer nou vir die nasionale stemfase op grond van 'n besigheidsplan wat reeds ingedien is oor hoe en waarvoor die kontantprys aangewend gaan word. Elke enkele SMS gaan tel. Kom ons wys Suid-Afrikaners die trots en gees van die Overstrand en Gansbaai se mense.

**Die stemproses:**
*Stemming open op Sondag, 12 Julie 2026 om 19:00;
*Stemming sluit op Vrydag, 17 Julie 2026 om 12:00;
*Om te stem: SMS slegs die woord GANSBAAI na 33157;
*Koste: R1,50 per SMS;




*'n Maksimum van 30 stemme per selfoonnommer word toegelaat, maar gratis SMS-bundels is nie van toepassing nie.

Geen verdere verskonings nie! Laat die SMS'e vanaf Sondag, 12 Julie 2026 sonder ophou inrol!

**Hardus Botha**

## LOOKING FOR JOB

**HARDWORKING - RELIABLE - TRUSTWORTHY**

I am a dedicated and experienced individual seeking employment opportunities.

**EXPERIENCE**

- Housekeeping / House worker
- Hotel & Game Reserve experience
- Waitress
- Take care of kids
- Hardworking, honest and willing to learn
- Available immediately

**CONTACT ME: RELIEF ROWODZANAI**
**060 102 3752 & 074 381 9678**

## FISHMEAL PRODUCTION OPERATOR

VACANCY

Gansbaai Marine seeks a skilled and results-driven **Fishmeal Production Operator** to join our team. This permanent role suits a technically strong leader who thrives in a fast-paced production environment and is committed to operational excellence.

**Key Responsibilities:**
- Optimise fishmeal production to meet quality and output targets
- Plan and manage maintenance and repairs to minimise downtime
- Lead and motivate shift teams to ensure performance and discipline
- Monitor production and compile daily reports
- Ensure compliance with HACCP, OHSA, and environmental standards
- Maintain high safety, hygiene, and housekeeping standards

**Key Requirements:**
- Grade 12 (Matric)
- 3+ years' supervisory experience
- Strong leadership, communication, and organisational skills
- Willingness to work shifts, weekends, and overtime

**Advantageous:**
- Technical/Artisan qualification
- Maintenance and welding experience
- Technical experience in food production/manufacturing
- Forklift licence
- Multilingual ability

**Applications:**
**Email a CV to hrm@gansmar.co.za by 27 May 2026.**

If you have not been contacted within 14 days, please consider your application unsuccessful.

*Gansbaai Marine supports employment equity and transformation in line with its policies.*



*A variety of mushrooms after the rain.*







**Te Huur**
Semi-Gemeubileerde
Ouma woonstel
**R5000 per maand**
Water ingesluit
Gebruik van elektrisiteit en eie meubels onderhandelbaar
Deposito 1 maand vooruitbetaalbaar
**Andries: 082 731 7152**

# Kinders leer oor higiëne én waardes

"Die byeenkoms van Saterdag, 9 Mei 2026, het enige persoon of persone in ons gemeenskap die geleentheid gebied om by ons kinders se lewens betrokke te raak," het Doanne Nowers, organiseerder van 'n spesiale geleentheid vir kinders in Blompark se Gemeenskapsaal, gesê. "Ons gemeente, *Die Lewende Wesens van Christus Evangelie Bediening*, is reeds sedert 2019 'n geregistreerde OSW (NPO) en is in Blompark gestig met die hooffokus op die welstand van die kindertjies in die omgewing."



*Pastoor Berold open die byeenkoms.*

Met die betrokke byeenkoms was die fokus daarop gerig om die kinders van higiëne te leer - vanaf die borsel van tande tot by die noodsaaklikheid om hul hande te was - en alles tussen in. Hulle is ook daarop gewys dat hul kosbare liggaampies tempels van God is.

Pastoor Berold en Doanne het tydens die byeenkoms gedemonstreer hoe kerse gemaak word, en hulle beplan soortgelyke geleenthede vir die toekoms. Doanne sê daar is tans ongeveer 70 kinders in die gemeente, en die getal groei bykans daagliks. "Pastoor Berold en sy helpers stap nie net 'n pad saam met die kinders nie, maar ook met hul ouers, om vir elkeen van hierdie kinders 'n hoopvolle toekoms te help skep - soos die Woord sê," het Doanne gesê. "Berold en sy span maak allerlei kerse, spesifiek vir troues en ander spesiale geleenthede, om die gemeente finansieel te ondersteun."

Doanne nooi enigeen wat by hierdie bediening aan kinders betrokke wil raak, asook belangstellendes in die maak van kerse, uit om Pastoor Berold by 072 439 4330 te kontak. Vir verdere navrae kan Doanne Nowers by 072 191 5949 geskakel word.

**Hardus Botha**


*Doanne Nowers (middel) in gesprek.*



Gans-Berg
Nuus/News


**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
**Hardus:082 786 0494**
**info2@gansberg.co.za**

**FYNBOS**
**POLE DEPOT**
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS

E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za

PINE POLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

**Overberg Scaffold & Machine Hire**



Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
*Various types of scaffolding*
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.

Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

***The hard working team of the Green Futures Nursery at Grootbos donated and plant wild plum trees in a public parking area in Gansbaai.***



**OVERSTRAND**
**MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA**

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **WEDNESDAY, 27 MAY 2026** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **WOENSDAG, 27 MEI 2026** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESITHATHU, Umhla we 27 MEYI 2026 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KA MASIPALA**

**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 92/2026**

# Rotary Club appeals for Winter Woollies



"It's time to get our winter woollies out to keep warm. However, for many people - especially children, the elderly and the frail - this is a very vulnerable time," said Lana from the Rotary Club of Stanford. "People living in shacks with no safe heating at all feel it the most. Imagine getting into a cold bed without even a warm blanket to snuggle into. This leaves them susceptible to flu, bronchitis and even pneumonia." Lana appealed to the community and generous supporters to dig deep and sponsor a few blankets for those in need. The Rotary Club estimates the need to be between 250 and 300 blankets, with a much greater need for older children this year.

**Most-needed items**
Crocheted or knitted blankets for babies and toddlers up to two years old; Second-hand blankets, provided they are clean and in good condition; Knitted beanies for young adults and women.

"Your contribution will make a huge difference in the life of a child or adult in need," Lana said. She can be contacted on 082 216 4398 for any further information.

**Hardus Botha**









# CapeNature hit by widespread disasters

CapeNature is assessing widespread damage across its Protected Areas following several days of severe weather that affected multiple reserves and surrounding communities through electricity outages, flooding, and disrupted road access across the Western Cape.


*Cederberg Algeria Camp (11 May 2026).*

Successive cold fronts brought heavy rainfall, gale-force winds, and localised flooding across the province, resulting in infrastructure damage, blocked routes, and disruptions to operations in several Protected Areas. Roads, trails, visitor facilities, offices, and staff accommodation have been impacted in multiple reserves. Electricity supply disruptions are among the most significant impacts, affecting both reserve operations and nearby communities. In addition, hazardous travelling conditions persist due to flooding, fallen trees, debris, and damaged access routes, while coastal and marine infrastructure has also sustained damage in certain areas.

Temporary closures have been implemented at several reserves. CapeNature emphasises that closures are not only due to ongoing adverse weather, but also to allow for detailed damage assessments, infrastructure repairs, and safety inspections to ensure reserves are safe and accessible before reopening. CapeNature reserves will begin reopening between 15 May and 5 June (subject to change based on ongoing assessments), while some may remain closed even after weather conditions have improved.

Visitors are strongly urged to avoid travelling to reserves while severe weather conditions persist, particularly where roads, bridges, and entry routes may be unsafe or inaccessible. Once conditions improve, visitors are advised to check the CapeNature website for the most up-to-date information on whether a reserve is open before planning any visits. Dr Ashley Naidoo, CEO of CapeNature, said: "Early assessments indicate significant impacts across several reserves. The safety of our staff, visitors, and surrounding communities remains our highest priority. While teams acted proactively ahead of the severe weather event, ongoing power outages and damaged access roads continue to pose major challenges in several affected areas."

CapeNature is working closely with the Provincial Disaster Management Centre, municipalities, and other authorities as part of a coordinated provincial response. Teams remain on the ground to assess damage, clear routes where possible, and prioritise critical repairs. Members of the public are urged to: Avoid visiting CapeNature reserves until conditions have stabilised and it is confirmed safe to do so; Strictly adhere to all reserve closures and access restrictions; Refrain from attempting to access flooded areas, damaged roads, or closed routes; Exercise extreme caution when travelling in mountainous, coastal, or low-lying areas.
(*Article shortened: Hardus Botha*)

**CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**


*Assegaaibosch Nature Reserve picnic area (11 May 2026).*






CONTACT US TO ADVERTISE HERE
Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za Michelle:078 010 8286 / michelle@gansberg.co.za



This exciting little plant was spotted by a member of the Grootbos Conservation Research team. Casually growing in a seep in recently burnt veld, this is the Water Heath (Erica curviflora) which is a new species for the Grootbos species list and the 40th species of Erica recorded on the nature reserve.



A stunning specimen of Liparia splendens in full bloom in the burnt veld on Grootvlei.



*The Stilbe ericoides looks gorgeous after a light sprinkle of raindrops.*

# Grootbos team in London



Four of the Grootbos team have joined South Africa's favourite floral designer, Leon Kluge, and his team in London to begin the work of building the structure that will hold Leon's vision of '*Fynbos after Fire*'.


Chosen for their ability to work hard and solve any problem while being able to handle a hammer, a drill, a pincushion or maybe even a royal family member, Grootbos is proud of Bulelani, Rebecca, July and Vincent. "We can't wait for the RHS Chelsea Flower Show 2026 to open and reveal the display of fynbos in London," Philippa Murray from Grootbos said.

**Hardus Botha**







# Gansbaai Gholfklub










**Berty Sassman palm enkel stableford in**

Berty Sassman wen Saterdag, 16 Mei 2026 se Enkel Stableford, Theuns van Schoor Woensdag, 13 Mei 2026 se Sloegterskompetisie en Willem Germishuys Vrydag, 15 Mei 2026 se 9-putjie Enkel Stableford.

**Woensdag, 13 Mei:**
Theuns van Schoor wen die Sloegterskompetisie met 36 punte, gevolg deur Peet Pretorius 35, Rene Myburgh 34, Hugo Groenewald 32, Leon Lombaard 31, Marietjie de Villiers 31, Anton Jordaan 28, Johan Coetzee 27 en Clive Bailey 26.

**Vrydag, 15 Mei:**
Willem Germishuys wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 19 punte, gevolg deur Barbara Halse 19, Deon Momberg 18, Rodney Smith 18, JP Laubscher 16, Koos Myburgh 15, Sakkie van der Merwe 15, Callie Lourens 14, Piet Uys 14 en Jacobus Bothma 13.

**Saterdag, 16 Mei:**
Berty Sassman wen die Enkel Stableford kompetisie met 39 punte, gevolg deur Joe Cesare 39, Gavin Flint 35, Bev Swart 32, Philip Taylor 32, Marietjie de Villers 31, Rene Myburgh 31, Chris Steyn 29, Theuns van Schoor 28 en Clive Bailey 27.
Spog Twee: Jacques Louw (8).

**Saterdag, 23 Mei:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:**
Frans Conradie 22ste, Barbara Halse 22ste, Andrew Dalgleish 25ste, Malcol Bury 28ste, Stephen Jackson 28ste en Morne Bester 29ste.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 8878 0534**

# Long-term Mining Operation concerns

The mining activities against Gansbaai Mountain, beyond the municipal dumping site, has raised many concerns. In short, the following is of importance: The alleged unlawful mining activities since 2012, and even before then. An official complaint, supported by AfriForum's Private Prosecution Unit, has now been submitted to Gansbaai SAPS.

The course of action will be determined by the SAPS: either an official investigation by Gansbaai detectives, or referral to higher authorities for further investigation. "This complaint is made with the express purpose of initiating a criminal investigation and prosecution in respect of alleged unlawful sand mining activities taking place on the remainder of Erf 210, Gansbaai, Western Cape," states the complaint, and continues: "I hereby respectfully request the police to register a criminal case, investigate possible unlawful mining operations, obtain certified copies of all mining rights, permits and environmental authorisations, verify the dates of application and approval, determine whether mining activities took place before lawful approval was obtained, determine whether mining activities occurred outside authorised boundaries, conduct a financial investigation into the volumes extracted and proceeds received, and refer the matter to the Asset Forfeiture Unit of the National Prosecuting Authority for consideration in terms of POCA." - Concerned party.



The Gans-Berg Nuus contacted one of the main role players telephonically for his comment. With reference to the investigation that is set to be launched, he decided not to comment at this stage. He was also a victim of the storm damage and, at the time of the call, was busy with urgent repairs to his home, which required his full attention. As soon as the relevant party is ready to comment on this matter, the Gans-Berg Nuus will gladly publish it. Furthermore, it should be noted that the Gans-Berg News is in no way biased against any party. This report was published following numerous enquiries from concerned community members regarding the matter.
(*Source: Concerned party*)

**Hardus Botha**

# Stormweek laat spore, maar gemeenskap staan saam

Inwoners van Groter Gansbaai, maar ook regoor die Overstrand, Overberg en ander gebiede in die Wes-Kaap, het gedurende die afgelope "Stormweek" skade van gering tot enorm ervaar. Dakplate, afdakke en talle ander items is deur die sterk wind afgeruk en moes later in strate en op omliggende erwe opgetel en teruggedra word. Wendyhuise is vernietig, bome is omgewaai of het groot takke verloor, en verskeie huise en eiendomme het skade opgedoen.

Vir baie inwoners was dit enkele dae van onsekerheid, vrees en voortdurende opruiming. Hoewel die stormweer reeds verby is, leef die skok en nagevolge steeds diep in baie inwoners se gemoed voort. Die herstel van skade sal in talle gevalle nog lank duur, om nie eens van die finansiële implikasies en versekeringseise te praat nie.

Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wil langs hierdie weg sy opregte simpatie en sterkte uitspreek aan almal wat deur die storms geraak is - ons dink aan julle.

Te midde van die verwoesting het daar egter ook iets besonders na vore gekom - die ongelooflike omgee en samehorigheid van mense in die gemeenskap. Lesers het vertel van vriende, familie, bure en selfs vreemdelinge wat sonder huiwering ingespring het om te help opruim, skade te beperk en ondersteuning te bied waar dit nodig was. Een ding het duidelik na vore gekom: wanneer krisisse toeslaan, verdwyn onderlinge verskille en staan mense saam. Dit is juis hierdie gees van eensgesindheid en medemenslikheid wat gemeenskappe help om weer op te staan ná moeilike tye.

**Hardus Botha**



# Pearly Beach unveils beautiful Community Mural

"Last week, we unveiled our own mural in Pearly Beach and, like many local towns such as Gansbaai and Hermanus, Pearly Beach now proudly boasts its own beautiful mural," said Irene Aldridge from Pearly Beach. "The artwork, painted on the wall of the Herbarium at the Fynbos Centre, has been taking shape since December 2025 and was officially unveiled on 7 May 2026."


*Elaine Baard ceremonially cut the ribbon.*

Irene said local artist Elaine Baard attended the occasion and ceremonially cut the ribbon. The mural now joins a growing collection of community artworks appearing across the Overstrand, celebrating local pride, creativity and the region's unique natural heritage. Irene said residents and visitors are warmly invited to stop by, admire the mural and step inside the Herbarium to explore the weekly display of local plant specimens.




**Hardus Botha**

# Gansbaai Primêr blink uit as gasheer van Wes-Kaapse Skaakkampioenskappe



Die Wes-Kaapse Laerskole Skaakkampioenskappe, wat van 16-17 Mei 2026 in die saal van Gansbaai Primêr in Blompark aangebied is, was die eerste skaaktoernooi van so 'n groot omvang wat ooit in Gansbaai aangebied is, met die Overbergstreek as gasheer. Letterlik honderde besoekers en ouers het die geleentheid bygewoon, met motors wat elke dwarsstraat voor die skool, asook die hele skoolterrein, vol geparkeer het.





Hierdie toernooi is 'n jaarlikse instelling en word elke jaar in 'n ander streek aangebied. Die Toernooidirekteur, Peter Steyn, President van Wes-Kaap Skoleskaak, het die verrigtinge amptelik geopen. "Ons waardeer die skoolhoof en haar span van Gansbaai Primêr opreg daarvoor dat hulle die skool beskikbaar gestel het, asook vir al hul harde werk om die toernooi te kon aanbied," het Peter gesê. Raadsdame Riana de Coning is genooi om 'n verwelkomingsboodskap te lewer. Sy het haar waardering uitgespreek dat Gansbaai in die Overstrand vanjaar gekies is om die toernooi aan te bied. "Mag ons baie 'skaakmat' hoor, en gaan skep nou julle meesterstukke - laat die spele begin!" het sy gesê.

Maresa de Villiers, skoolhoof van Gansbaai Primêr, het in haar boodskap gesê: "Vandag is die beloning vir baie ure se oefening, toewyding en deursettingsvermoë. Ons hoop julle sal julle verblyf in Gansbaai geniet en 'n wonderlike toernooi-ervaring hê." Maresa het ook genoem dat die skool nie oor 'n ouerkomponent beskik nie. "Daarom het ek groot waardering vir elke personeellid, die paar ouers en die prefekte vir hul bydrae tot die sukses van vandag. Dit het harde werk gekos om te verseker dat alle suksesvol kon verloop en dat alles betyds in plek was," het sy gesê.

Sowat 608 topskaakspelers van laerskole in elke ouderdomsgroep (seuns en meisies) het oor ses rondtes teen mekaar meegeding - vier op Saterdag en twee op Sondag. Skaakspelers van regoor die Wes-Kaap (Overberg, Kaapse



Wynlande, Metro, Weskus, Sentraal-Karoo en Eden) het aan die toernooi deelgeneem, insluitend 'n blinde meisie wat ook meegeding het. Sowat 304 standaard skoolbanke is deur die plaaslike organiseringspan, Zaakie Jacobs, JP Coetzer en Edna van der Linde gereed gekry om die deelnemers te akkommodeer, met die hulp van Maresa en haar span. Gazebo's is deur die ouers saamgebring en 'n snoepie is deur Maresa en haar span gereël, met die klaskamers wat ook tot die streke beskikbaar gestel is. 'n Warm en vriendelike atmosfeer het deurentyd geheers, wat ouers en besoekers die geleentheid gebied het om saam te ontspan en te kuier.

Die Registrasiebeampte was Chantelle Jacobs en die Hoofarbiter Ethan Higgins. Verteenwoordigers en presidente van elke distrik was ook teenwoordig. Tydens Sondag se prysuitdeling het die trotse wenners hul Wes-Kaapse skaakklere ontvang en is in die Wes-Kaapspan opgeneem.

Maresa en haar hardwerkende span verdien geweldige lof vir wat hulle op eie houtjie vermag het, asook die plaaslike organiseerders. Die gemeenskap kan trots wees op Gansbaai Primêr se skoolhoof en personeel vir hul hardewerk om die sukses van die dag te verseker - sonder twyfel verdien Maresa en haar span 'n dawerende applous!



**Hardus Botha**

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY – ALCOHOLICS ANONYMOUS**
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286 michelle@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

**VAKATURE**
Ek soek werk vir my bediende.
Het elke 2de week 4 dae oop.
- Middeljarige & Gesond
- Hardwerkende bruin vrou
- Betroubaar, Eerlik, Goeie werksetiket
- Altyd betyds vir werk
- Goed met kinders en senior persone

MARLENE
084 714 4604

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
De Kelders NHW Phone: 060 924 0484
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | B | K | X | R | I | T | S | Y | R | G | W | O | A | G | S | D |
| D | R | K | F | K | V | R | E | C | G | H | C | A | O | P | L | F |
| P | O | V | C | D | E | F | E | S | I | A | R | B | N | D | H | N |
| L | W | N | E | M | N | E | R | T | C | B | S | B | O | I | L | H |
| B | N | G | M | C | E | I | N | Y | R | T | H | E | R | Z | B | D |
| O | L | I | Y | R | U | Z | R | E | T | G | R | Z | E | S | G | M |
| D | S | E | U | R | L | D | A | G | J | X | E | A | S | B | N | I |
| I | Y | P | N | X | A | D | E | J | D | U | D | L | C | B | O | B |
| F | F | H | V | D | P | E | B | R | R | C | L | G | S | T | X | D |
| N | I | V | W | Q | Z | Q | S | O | D | O | I | I | L | Q | I | Z |
| R | R | Q | D | R | X | A | A | B | W | A | K | A | E | C | S | K |
| J | A | P | S | E | A | S | O | N | E | T | H | U | E | N | Y | F |
| I | L | E | T | D | T | U | V | U | T | M | I | N | C | E | N | S |
| G | C | E | J | G | P | O | K | L | S | R | V | D | E | J | V | E |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| | | 4 | 8 | | | 9 | | |
| | | 9 | 1 | | | 2 | | 5 |
| | | 6 | 2 | | | | 5 | |
| | | 5 | | | | 1 | | |
| | | | 3 | | 8 | | | 7 |
| | 9 | 2 | | 4 | | 3 | | |
| | 6 | | | 8 | | | | 4 |
| 3 | | | | | 7 | | | 1 |

BLEND
BOIL
BRAISE
BREAD
BROWN
CLARIFY
COAT
DICE
GLAZE
GRIND
JULIENNE
MINCE
POACH
PUREE
REDUCE
ROAST
SEASON
SHRED
SIMMER
STEW
STIR

## Colour me in....



# ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | M | L | I | A | R | L | I | A | R | D | H | S | A | L | P | S |
| A | D | C | I | T | Y | S | L | I | C | K | E | R | S | C | S | D |
| M | F | T | Y | P | B | Y | E | U | O | C | C | D | W | A | S | F |
| O | I | O | Z | E | D | E | Y | W | A | S | T | O | Y | D | E | L |
| W | C | M | M | C | S | R | S | L | S | H | R | A | P | D | N | G |
| Y | E | M | M | Q | A | M | P | T | E | K | R | Z | J | Y | O | V |
| T | A | Y | F | Y | Q | G | A | T | I | P | E | K | G | S | L | B |
| T | G | B | L | A | N | I | R | N | S | N | R | F | W | H | A | N |
| E | E | O | L | I | R | A | G | R | Y | E | S | P | O | A | E | I |
| R | V | Y | D | P | M | G | I | U | J | Y | V | H | S | C | M | P |
| P | N | A | L | P | I | A | O | E | Q | K | G | Q | O | K | O | G |
| A | R | A | D | R | H | P | H | O | L | I | D | A | Y | W | H | N |
| T | N | L | L | R | S | T | V | P | U | O | S | K | C | U | D | I |
| E | R | F | N | Z | D | L | R | O | W | S | E | N | Y | A | W | K |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 2 | 7 | 5 | 3 | 9 | 1 | 6 | 4 |
| 9 | 3 | 1 | 6 | 8 | 4 | 2 | 5 | 7 |
| 5 | 6 | 4 | 7 | 2 | 1 | 8 | 9 | 3 |
| 1 | 4 | 9 | 2 | 5 | 7 | 3 | 8 | 6 |
| 7 | 5 | 6 | 3 | 9 | 8 | 4 | 1 | 2 |
| 2 | 8 | 3 | 1 | 4 | 6 | 9 | 7 | 5 |
| 3 | 7 | 5 | 8 | 1 | 2 | 6 | 4 | 9 |
| 4 | 1 | 2 | 9 | 6 | 5 | 7 | 3 | 8 |
| 6 | 9 | 8 | 4 | 7 | 3 | 5 | 2 | 1 |

# Myanmar se werklikheid skok én inspireer kerkgangers

Die besoek deur ds. Ernst Toerien, sy eggenote Betsie en hul dogter Nadja vanaf Myanmar (voorheen Burma) aan Gansbaai, was in die ware sin van die woord 'n "*eye-opener*" vir kerkgangers wat na sy dienste geluister het. Dit het opnuut perspektief gebied op die oorloë wat tans wêreldwyd woed en die traumatiese gevolge daarvan, wat ook in Suid-Afrika gevoel word.




***Ds. Ernst Toerien in sy tradisionele Myanmar-kleredrag, saam met sy dogter, Nadja, en eggenote, Betsie.***

Ernst se boodskap het daarop gewys dat daar veel meer haglike en traumatiese omstandighede in baie lande wêreldwyd heers waarvan nie gereeld kennis geneem word nie - omstandighede waarvan die meerderheid Suid-Afrikaners onbewus van is. Die enkele aspekte waarna in hierdie berig verwys word, is maar net 'n druppel in die emmer. Dit is onder sulke omstandighede dat Ernst sy bediening in Myanmar verrig. Hy het die eredienste in die NG- en VGK-gemeentes gelei, waar hy hierdie inligting gedeel het.

Ernst was aanvanklik leraar in die Gereformeerde Kerk in St. Petersburg in Rusland. Later het hulle verder noord verhuis, nog later is hulle na Thailand en uiteindelik na Myanmar, waar hulle tans woon. Myanmar (voorheen Burma) is 'n Suidoos-Asiatiese




***Ds. Ernst Toerien by die NG-gemeente.***

land met meer as 100 etniese groepe en grens aan Indië, Bangladesh, China, Laos en Thailand. Yangon (voorheen Rangoon) is die land se grootste stad en huisves bedrywige markte, talle parke en mere, asook die indrukwekkende vergulde Shwedagon-pagode, wat Boeddhistiese relieke bevat en uit die 6de eeu dateer.

"Ons lei tans 'n groep studente oor 'n tydperk van drie jaar op en werk letterlik vers vir vers deur die volledige Bybel met hulle," vertel Ernst. "Ons bied ook sistematiese teologieklasse aan, asook klasse oor die Heidelbergse Kategismus." Hy sê baie van hul studente is musikante wat saam met evangeliste op uitreike gaan, terwyl ander self evangeliste of sendelinge is wat deur hul gemeentes uitgestuur is - sonder die nodige teologiese opleiding om kerke onder die Boeddhiste te plant. "Baie van die denominasies is bereid om deur ons opgelei te word en ons doen dus nie self kerkplanting nie, maar verskaf bloot die nodige opleiding."

Slegs enkele aspekte rakende Myanmar, wat deur Ernst tydens die onderskeie eredienste bespreek is, word hiermee uitgelig: **Burgeroorlog-konflik** - Ernst het verwys na die burgeroorlog in Myanmar wat met 'n staatsgreep in 2021 begin het toe militêre offisiere die mag oorgeneem het. Dit het gelei tot konflik tussen die militêre junta en die pro-demokratiese National Unity Government. Die konflik is hoofsaaklik etnies van aard, met etniese gewapende organisasies wat teen Myanmar se weermag, die Tatmadaw, veg vir selfbeskikking. Die burgeroorlog staan bekend as een van die wêreld se langste voortgesette burgeroorloë en duur reeds byna agt dekades voort; **Tradisionele kleredrag** - Ernst het die preekstoele in Gansbaai en Blompark in Myanmar se tradisionele kleredrag bestyg (sien foto). "Die verskillende etniese groepe in Myanmar dra verskillende kleure en style klere, met verdere variasies binne die



***Ds. Ernst Toerien by die VGK-gemeente.***

onderskeie groepe."; **Gesigskending** - Ernst sê die self-skending van gesigte deur die vrouens het volgens plaaslike oorlewering ontstaan om jong vroue minder aantreklik te laat lyk sodat hulle nie deur besoekende Birmaanse konings ontvoer sou word nie. Later is dit ook gebruik in 'n poging om verkragting deur soldate te voorkom - 'n tragiese en hartseer manier waarop vroue hulself probeer beskerm. Hy het verskeie voorbeelde van gesigskending aan die kerkgangers uitgewys.

Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus, asook die twee gemeentes in Gansbaai en Blompark, wens Ernst en sy gesin 'n aangename vakansie in Suid-Afrika toe, maar ook sterkte met sy werksaamhede onder baie moeilike omstandighede in Myanmar om die Woord van God te verkondig en om broodnodige opleiding te verskaf.

**Hardus Botha**

Gans-Berg
Nuus / News
Website Link
TIKTOK
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

# Seagulls bied groot netbaldag en dans aan

"Ondersteuners kan uitsien na 'n baie spesiale dag tydens die *Grand Netbal Tournament* wat op hande is," vertel Sylvia Jacobs, voorsitter van die Seagulls Netbalklub in Blompark. "Ons is die gasheerklub en het terselfdertyd vir 'n groot verrassing gereël."

Agt topspanne gaan aan die toernooi deelneem, wat sonder twyfel vir opwindende netbal gaan sorg. Die wenspan gaan die trotse ontvanger van 'n prestige-trofee wees. Die toernooi word op Saterdag, 30 Mei 2026 op die Blompark-sportgronde aangebied. Die wedstryde begin om 12:00, maar die hekke sal reeds om 09:30 open. Toegang beloop R10 vir volwassenes en R5 vir kinders.

Die verrassing waarna Sylvia verwys, is 'n *Night Dance* om 20:00 dieselfde aand in die klubhuis. Ook hier tree die Seagulls Netbalklub as gasheer op. *Marius en Vriende* is die kunstenaars vir die aand, terwyl die Musiekfabriek vir die musiek sal sorg. Dit klink na 'n baie gesellige aand. Toegang is R25 en kaartjies sal by die deur beskikbaar wees. "Ons vra asseblief dat ons goed ondersteun sal word," sê Sylvia. "Dit gaan werklik 'n besonderse dag en aand wees." Sylvia kan by 072 413 6861 vir navrae geskakel word.

**Hardus Botha**




## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 20/5/2026 | Thursday 21/5/2026 | Friday 22/5/2026 | Saturday 23/5/2026 | Sunday 24/5/2026 | Monday 25/5/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 20° | 17° | 17° | 19° | 16° | 17° |
| Strong Breeze 11 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from east 0 mm precipitation. | Light Air 1 m/s from west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 22 May | 0736 | 2020 | 1353 | 0200 |
| 23 May | 0856 | 2137 | 0301 | 1511 |
| 24 May | 1021 | 2249 | 0423 | 1628 |
| 25 May | 1133 | 2349 | 0530 | 1732 |
| 26 May | 1228 | 0037 | 0623 | 1824 |
| 27 May | 1312 | 0117 | 0705 | 1906 |
| 28 May | 1349 | 1943 | 0741 | 1943 |
| 29 May | 1423 | 0200 | 0812 | 2017 |

**Tax Compliance & Administration Services**

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za



Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

# LSG se De Villiers-Tennisgansies

Laerskool Gansbaai se gedugte De Villiers-Tennisgansies het hulself oortref tydens die Wilson Cavaliers Junior Kampioenskappe in Ceres op Vrydag, 1 Mei 2026 - hulle het uitstekend gevaar. Daniël de Villiers het die kampioenskap vir seuns o/12 gewen, terwyl Isabelle de Villiers as naaswenner in die dogters o/10B-liga geëindig het. “Baie geluk julle twee - ons is ongelooflik trots op julle!” - Laerskool Gansbaai.

**Hardus Botha**



*Daniël de Villiers.*



*Isabelle de Villiers.*



**Hennie Naudé van Kleinbaai mag maar met sy twee galjoene spog – en nie sommer enige aas is gebruik nie; nee, dit was sy eie spesiale 'Hennie-se-rooiaas'! Die pragtige galjoene is by Kruismansbaai, naby Danger Point Lighthouse, gevang, en Hennie sê die water was ideaal - mooi skuimwater net voor hooggety en tot twee ure daarna. Hardus Botha**

# Gansies bewys hulself in Wes-KaapSkaakkampioenskapstoernooi

Laerskool Gansbaai (LSG) se Gansie-skaakspelers het hulself al tydens verskeie skaaktoernooie as topskaakspelers bewys. So was dit nou weer tydens die Wes-Kaap Skaakkampioenskapstoernooi wat op Saterdag en Sondag, 16 en 17 Mei 2026, by Gansbaai Primêr aangebied is. (Sien volledige berig op bladsy 3 van hierdie uitgawe.)

Die Gansies moes teen sowat 600 skaakspelers van regoor die Wes-Kaap meeding. “Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat ons skool verteenwoordig het,” het LSG se mediabeampte gesê. “'n Opregte woord van dank aan al ons spelers vir hul deursettingsvermoë en positiewe ingesteldheid gedurende die toernooi, asook 'n groot dankie aan elke ouer en ondersteuner wat ons leerders aangemoedig het.”

Spesiale gelukwense aan Leah Julies (dogters o/7) en Rossouw Coetzer (seuns o/9) wat gewen het en in die Wes-Kaapspan opgeneem is - “Julle is ware Gansie-ambassadeurs!”

**Hardus Botha**



*Rossouw Coetzer (seuns o/9).*



*Leah Julies (dogters o/7).*



*Trotse Gansie-skaakspelers.*

CONTACT US TO ADVERTISE HERE
Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za Michelle:078 010 8286 / michelle@gansberg.co.za

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Piet Duvenage se 5.30kg snoek


Piet Duvenage met sy 5.30kg snoek.

Die Birkenhead Boothengelklub se kompetisie van Saterdag, 9 Mei 2026 het pragtige visse opgelewer. Piet Duvenage van Seemeeu het met 'n behoorlike snoek van 5.30kg gespog, terwyl Joe Smith van GI Joe 'n 2.55kg rooi roman gevang het. Die bemanning van WaCa van Carl Dyer het ook weer gewys waartoe hulle in staat is.

**Volledige uitslae:**
Die volledige uitslae is soos volg: Swaarste vis, Piet Duvenage (snoek, 5.30kg); 2de swaarste vis, Carl Dyer (snoek, 3.50kg); Swaarste sak mans, Carl Dyer (25.45kg), 2de Swaarste sak mans, Walter Mapham (15.75kg); Swaarste bootgemiddeld, WaCa van Carl Dyer (16.80kg); 2de Swaarste Bootgemiddeld, GI Joe van Joe Smith (10.35kg).

**Voorlopers:**
*1ste 3 Bootkampioene*:
WaCa van Carl Dyer (64.40kg); GI Joe van Joe Smith (55.158kg); Oupa van Ben Uys (34.842kg).

*1ste 5 Visvangkampioene Mans*:
Carl Dyer (71.50kg); Joe Smith (66.50kg); Walter Mapham (58.35kg); Derick Petersen (50.00kg); Robbie Nelson (49.00kg).

*1ste 3 Visvangkampioene Vroue*:
Joey Rademeyer (31.15kg); Erna Esterhuizen (5.90kg); Trix Langley (4.10kg).

**Hardus Botha**


WaCa se bemanning: Carl Dyer, Robbie Nelson, Walter Mapham en Derick Petersen.


Oupa se bemanning: Jacques du Toit, Leon Lombard en Ben Uys.

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za